

## VIER RIVIERE-VAART: Saar, Moesel, Ryn en Neckar 2022

### TOERPROGRAM

29 JULIE – 9 AUGUSTUS

Julie

Vr 29

#### JOHANNESBURG – ZÜRICH

Toerlede moet op **29 Julie** om **16:30** by **Swiss Air** se inweegtoonbank op die **O.R. Tambo-lughawe** in Johannesburg aanmeld vir **Vlug LX 283** wat om **19:25** na **Zürich** vertrek.

Sa 30

#### ZÜRICH – LUXEMBURG – REMICH

Voordat ons inskeep, besoek ons die pragtige dorpie **Saarburg** waar die Saarrivier oor 'n waterval in die middel van die dorpie deurstrom. Dis heerlik om ná die lang vlug, die bekoring van hierdie dorpie eerstehands te ervaar. Daarna sien ons die indrukwekkende *Saarschleife*, of haarnaaldboog, wat die Saar rondom 'n dig beboste woudgebied vorm. Diegene wat kans sien vir die 1.25 km lange boomtop-promenade wat teen 'n konstante helling opwaarts gaan sonder enige trappe, sal beloon word met 'n pragtige uitsig oor die area.

Ons gaan laatmiddag aan boord in **Remich**, 'n pragtige wynbou-stadje wat op die oewer van die Moesel en op die grens van Duitsland en Luxemburg geleë is. Remich word beskryf as die Pêrel van die Moesel.

So 31

#### REMICH – LUXEMBURG

Daar is 'n heerlike promenade al langs die oewer en u kan vanoggend hierdie stadje op u eie verken of 'n opsionele wyntoer onderneem waar die historiese grotte van St Maarten besoek word.

Ons besoek **Luxemburg** die middag op 'n begeleide stoptoer waar u meer kan leer oor die stad se hoogtepunte en geskiedenis, met vrye tyd na afloop van die toer. Ons gaan terug na ons boot waar die werklike vaart om 17:00 begin.

Augustus

Ma 01

#### TRIER

Ons vaar vanoggend rustig op die Moesel en sit agteroor op die dek of in die sitkamer, terwyl die landelike omgewing by ons verbyskuif. Die volgende hoogtepunt is **Trier**, een van die oudste stede in Duitsland waar ons vroegmiddag vasmeeer. Dit voel of 'n mens hier terugstap in tyd as jy die talle oorblyfsels uit die Romeinse tyd orals raakloop: die Porta Nigra-stadspoort, die Romeinse basilika, baddens en amfiteater. U kan die ou stad maklik te voet aandurf of 'n toeriste-treintjie opsioneel neem om by die hoogtepunte uit te kom.

Di 02

#### COCHEM – KOBLENZ

Ons het deur die nag gevaar tot by **Cochem**, een van die mooiste dorpie aan die Moesel. Die indrukwekkende Reichsburg-kasteel tron sierlik oor Cochem uit. U kan die kasteel opsioneel besoek deur die steil bult uit te klim of met 'n bussie daarheen te reis. Dit is beslis die moeite werd. Daar is nog tyd om ook in die bekoorlike dorpie rond te stap op pad terug na die boot.

Later vanmiddag bereik ons **Koblenz**, die plek waar die Moesel en die Ryn saamvloei. Daar is 'n Ryn-promenade om langs te stap waar u die gedenkbeeld van Keiser Wilhelm I by die Deutsches Eck kan besigtig. Die magtige Ehrenbreitstein-vesting op die berg tron majestueus oor Koblenz uit.

Wo 03

#### RÜDESHEIM

Ons begin vroegoggend vaar op die romantiese deel langs die Rynvallei waar ons die bekoring van vele prentjiemooi kastele aanskou en verby die bekende Lorelei-rots vaar. Teen middagete is ons in **Rüdesheim**, 'n toeriste-dorpie met soveel karakter. Hier kan 'n kabelrit opsioneel onderneem word of 'n stadstoer per treintjie, of u kan net op u eie drentel en een van die vele interessante museums besoek. Die *Drosselgasse* bied vanaand 'n heerlike ervaring van musiek met volop atmosfeer, voordat ons oornag verder vaar.

**Do 04 HEIDELBERG – STRASBOURG**

Na aankoms by Mannheim op die Neckarrivier, onderneem ons 'n uitstappie per bus na **Heidelberg** – die immerbekende studentestad wat menige skrywer en kunstenaar al inspireer het. Dit is teen die Neckarrivier geleë en ons besoek onder andere die imposante kasteel, waarna ons ook vrye tyd in die stadjie kan deurbring.

Vanmiddag vertrek ons op die laaste skof van ons vaart waar ons na afloop van die kapteinsdinee, vannag in **Strasbourg**, Frankryk aankom.

**Vr 05 OORNAG ONDERWEG NA OBERAMMERGAU**

Ná ontskeping vanoggend kry ons geleentheid om die oustad in Strasbourg te besigtig, waarna ons verder per bus ry. Die finale roete tot in Oberammergau word nog gefinaliseer, maar ons sal moontlik een nag naby die grens van Duitsland of Switserland deurbring.

**Sa 06 OBERAMMERGAU**

Ons reis na **Oberammergau** vir 2 nagte se verblyf in die skilderagtige Beierse omgewing, waar ons môre die Passiespel bywoon.

**So 07 OBERAMMERGAU**

Vanoggend het u tyd om in die prentjiemooi dorp van Oberammergau rond te stap, totdat die vertoning vanmiddag begin. Dit bly n aangrypende ervaring

**Ma 08 ZÚRICH-LUGHAWE**

Ons vertrek na ontbyt na Zürich. Onderweg besoek ons die omgewing van Neuschwanstein, die sprokieskasteel van koning Ludwig van Beiere. Ons vertrek vanaand om **22:40** met **LX 282** na Suid-Afrika.

**Di 09 JOHANNESBURG**

Ons land vanoggend om 9:10 in Johannesburg na 'n opwindende ervaring.

**LW:** *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*